**17 AUGUSTUS Skrifgedeelte: Psalm 71**

## As ek oud is

Psalm 71 is bekend as die psalm van die ouderdom. Dit word gebid deur ‘n bejaarde persoon. Maar dit is nie so dat hy eers noudat hy oud geword het, hom skielik tot die Here wend vir hulp nie. Die Here was sy hulp van sy geboorte af. Dwarsdeur sy lewe was die Here sy rots en sy vesting. Vir baie mense is hy ‘n wonder, omdat die Here deur sy hele lewe vir hom ‘n hulp en ‘n toevlug was.

Nou het hy egter oud geword. Sy kragte het ingegee en daar is ook nog vyande wat sy swakheid wil uitbuit. Twee keer bid hy die hartroerende bede: "Moet my tog nie verwerp nou dat ek oud geword het nie, moet my tog nie alleen laat noudat my kragte ingegee het nie" (vers 9 en 18).

Wanneer ons ouer word, word ons kragte minder. Ons sien dan al hoe meer op teen dinge wat ons vroeër maklik gedoen het. Dit is ook die tyd wanneer ons al hoe meer kwale kry. Ook die siektes en kwale tap ons kragte en verlaag ons weerstand.

Ouderdom kan ook vereensaming bring, al is ons tussen mense. Jou lewensmaat val weg en jou vriende en kennisse word al hoe minder. Per slot van rekening stap jy die laaste paar treë van jou lewe hier op aarde alleen. Geen mens kan dit werklik saam met jou stap nie. Mag jou versekering dan wees: "U lei my met u raad en aan die einde sal U my in ere by U opneem" (Ps 73:24).

*Sing: Psalm 71:1,6 Dr Frans van der Walt (Bellville-Oos)*